Tradisionele Boeremusiekklub van Suid-Afrika
Posbus 48865
Hercules
0030
14 Julie 2006

Nuusbrief 2/2006

Beste Lid,

Soos die een nuusbrief uitgestuur word, word die volgende een begin om sodoende darem by te bly en nie te ver agter te raak met die opstel daarvan nie. Ek wil graag verskoning vra vir Nuusbrief 1/2006 ..... eerstens weereens vir die swak drukwerk (die volgende nuusbrief behoort baie beter te lyk) en dan vir die foutjie wat ingesluip het ten opsigte van die aanmekaar kram van die drie bladsye ..... bladsy 3 en 4 was verkeerd om aanmekaar geslaan ! Ek was seker maar te haastig om die briewe in die posstelsel te kry voor die langnaweek in April begin het (14 – 17de) – ek sal my bes probeer om dit nie weer te doen nie ! Voor ek vergeet wil ek GROOT om verskoning vra vir klein foutjie wat ingesluip het met die bymekaar/agter-mekaar sit van die laaste nuusbrief .. bladsy 3 en 4 was verkeerd om gekram ! Dit het seker maar gebeur omdat ek te haastig was om die nuusbrief in die pos te kry voor die laaaang naweek! Sal volgende keer stadiger werk !

1. OORLEDE : Dit is met leedwese dat ons die afsterwe van die volgende lede bekend maak :

a. Mnr J.J. Lategan, Arnheim 701, Loxtonweg, Milnerton 7441 (Datum onbekend)
b. Mnr A.S.H. (Oom Boet) Steyn, Villagestraat 136, Randfontein 1760 (Datum onbekend)

Ons bid die gesinne sterkte toe vir die toekoms en ons hoop en vertrou dat hulle die nodige krag en sterkte van Bo sal ontvang om voort te gaan.

2. POS TERUG : Net soos met die vorige twee nuusbriewe, het die volgende lede se pos teruggekom :

a. Mev S.J. Botes, Posbus 3881 Witbeeck 1729 (Posbus gesluit)
b. Mnr G.H.R. (George) Wheal 3de Laan, Roodepoort-Noord 1724 (Adres onvoldoende)
c. Mnr C.A. Kramer, Posbus 14072, Zuurfontein 1912 (Posbus onbekend)
d. Mnr J.A. Jonker, Posbus 115, Alexanderbaai 8290 (Onvoldoende adres)
e. Mnr P. Burke, Posbus 7780, Krugersdorp-Noord 1741 (Posbus gesluit)
f. Mnr C.F. Meyer, Posbus 2012, Venterspos 1782 (Posbus gesluit)
g. Mnr A.H. Botha, Posbus 2088, Venterspos 1780 (Posbus gesluit)
h. Mnr D.J. Oosthuizen, Posbus 2088, Venterspos 1780 (Posbus gesluit)
i. Mnr P.B. Theunissen, Posbus 1707, Warmbad 0480 (Onbekend)
j. Mnr G.S. Kruger, Sannasposweg 42, Generaal de Wet 9301 (Vertrek)

Daar moet asb ingedagte gehou word dat wanneer iemand se pos terugkom, word sy/haar naam van die ledelys afgehaal en ontvang dus geen verdere korrespondensie van die TBK nie – tot tyd en wyl hy/sy weer eendag opdaag.

3. ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE TBK :

Kennisgewing geskied hiermee dat die AJV vand ie TK om 15:00 (3nm) op die **7de Oktober 2006** in die skoolsaal van die Hoërskool FH Odendaal, Baviaanspoortweg, East Lynne, Pretoria sal plaasvind. Indien u enige punte vir bespreking op die agenda, onder ALGEMEEN, wil plaas stuur dit asb aan Mnr S.D. van Zyl, Posbus 2918, Faerie Glen 0043 om hom ten minste drie (3) weke voor die AJV te bereik – met ander woorde asb nie later as **22 SEPTEMBER 2006** nie. Geen besprekingspunt(e) sal op die dag van die AJV op die agenda geplaas word nie. Baie dankie vir u samewerking.

U word ook daaraan herinner dat stembriefies slegs aan lede uitgereik sal word indien die lid se ledegeld op datum is en die stembriefies sal ook die enigste manier wees om ‘n stem uit te bring. Ons weet dat dit seker weer ‘n dag van rugby sal wees, maar u word vriendelik, dog ernstig, versoek om die AJV by te woon om sodoende ook insae tot die doen en late van die TBK te hê.

Dit sal hoog op prys gestel en waardeer word as daar teen 14:45 ‘n kworum is, dan kan die vergadering begin en afgehandel word en sodoende kan die musikante wat van ver af kom ook goeie speelbeurte kry. U samewerking sal baie waardeer word.

Agenda vir die AJV van die TBK van S.A. wat gehou sal word op die <u>7de Oktober 2006</u> in die skoolsaal van die Hoërskool F.H. Odendaal, Baviaanspoortweg, Eastlynne.

a. Opening en verwelkoming
b. Notules van die vorige AJV
c. Finansiële verslag
d. Jaarverslae deur tak voorsitters
e. Jaarverslag deur die voorsitter van die TBK
f. Verkiesing van voorsitter en komiteelede
g. Afsluiting.

Notules van die AJV van die TBK gehou op **8 Oktober 2005** in die skoolsaal van FH Odendaal Hoërskool, Eastlynne :

1. **Opening en verwelkoming :** Die nasionale voorsitter, J. Vlok, open om die vergadering om 18:20. Skriflesing en gebed word deur ds J. Muller waargeneem.
2. **Notule van die vorige AJV :** Dit was gepubliseer in die nuusbrief. Mosie dat notule as juis aanvaar word : G. Jooste en daar was vele sekondante.
3. **Finansiële verslag :** Mnr J. Vlok lewer verslag namens die penningmeester, mnr F. Nelson. Dieselfde ouditeure word weer aangestel.
4. **Tak verslae :** Verslag vir Wesrand word deur Flip Snyman voorgelees, Goudveld deur Petrus Pienaar, Bloemfontein deur J. Vlok, Vaaldriehoek deur J. Vlok namens P. Van Staden, Pretoria deur T. Adams en Karootak deur T. Slabbert.
5. **Toekennings :** Die volgende oorkondes word oorhandig : Die Hannes Schoeman wisseltrofee asook 15-jaar on-onderbroke lidmaatskap sertifikate.
6. **Jaarverslag deur die Nasionale voorsitter :** Word deur J. Vlok gelewer.
7. **a. Verkiesing van Nasionale voorsitter :** J. Vlok word herkies as nasionale voorsitter en ds J. Muller as onder-voorsitter.

   b. Verkiesing van hoofkomitee : Penningmeester : Mnr F. Nelson, sekretaris : S. Van Zyl, addisionele lede : D. Labuschagne, Sias Erasmus en Boetie van Zyl.
8. **Algemeen :** Daar was geen punte vir bespreking ontvang nie.
9. **Afsluiting :** Die vergadering sluit om 19:45

4. ORKESTE VIR AJV : Die volgende orkeste is genooi vir die AJV : Willie Nelson, Goudvelders, Gert Jooste, Stephaan van Zyl en Dawid Barnard.

5. KENNISGEWING VAN SPESIALE VERGADERING:

Kennisgewing geskied hiermee ten opsigte van ‘n **Spesiale Vergadering** (SV) wat op **12 Augustus 2006** in die skoolsaal van die Hoërskool FH Odendaal, Baviaanspoortweg, East Lynne om +-17:00 (5nm) gehou sal word. Die vergadering word belê na aanleiding van die onder-voorsitter, ds Kobus Muller, se skrywe hieronder en vele navrae wat ontvang is ten opsigte van die neergelegde 10% van alle ingeskrewe lede wat benodig word om ‘n kworum te vorm voor ‘n Algemene Jaarvergadering (AJV). Daar sal voorgestel word dat Artikel 10.2.2 van die TBK se grondwet deur middel van ‘n stemming verander word om te lees “**Vyf persent (5%) van alle ingeskrewe gewone lede sal ‘n kworum vorm**”. Hierdie verandering sal, indien dit goedgekeur word, ook betrekking hê op die grondwet van die TBK takke en sal in werking tree met die TBK se AJV op 28 Oktober 2006. U word vriendelik versoek om die vergadering by te woon en sodoende ook u inset te lewer. U ondersteuning sal hoog op prys gestel word. Baie dankie.

“**Kworum : Algemene Jaarvergadering van die TBK van SA :**

Die Grondwet van die TBK, artikel 10.2.2, bepaal :**”Tien persent (10%) van alle ingeskrewe, gewone lede sal ‘n kworum vorm”** met die AJV. Hierdie bepaling skep heelwat probleme aangesien die lede geografies wydverspreid woon en nie in staat is om die vergaderings by te woon nie. Ouderdom, kostes en vervoer speel hierin ‘n belangrike rol. Dit is ook nie realisties om van lede te verwag om honderde kilometers te reis om jaarliks ‘n vergadering by te woon om soms eintlik net ‘n nuwe bestuur te kies, sonder dat daar verder enige besluite met werklike dieptegang op die vergadering geneem moet word nie. Die teenwoordige lede is meeste die wat vir ‘n uur lank sal sit en koppe tel om fisies die wet tot op die letter af te dwing met die gevolglike tyd-verspilling en frustrasie vir almal.

Na sorgvuldige oorweging van die feitelike situasie, blyk dit dat die enigste werkbare oplossing is om die artikel 10.2.2 so te wysig dat dit die volgende bepaal **:”Die teenwoordige ingeskrewe gewone lede sal ‘n kworum vorm”.** Dit strook ook met die beleid van ander organisasies we se lede wydverspreid woon.

Die Grondwet beskerm lede teen “staatsgrepe” deurdat artikel 11 volledig die prosedure bepaal wat gevolg moet word met grondwet wysigings en onder die punt “Algemeen” slegs besprekingsreg aan lede toegestaan word. Indien daar dan ‘n wesenlike saak is waaroor lede sterk voel, kan hulle die vergadering bywoon of selfs skriftelik hul standpunt stel indien hulle nie in staat is om die vergadering by te woon nie.

‘n Saak wat die Bestuur net verder sal moet oorweeg, is dat artikel 11 opgestel is met die veronderstelling dat lede geografies naby die vergaderpunt woon en dat minstens 80% of meer van hulle die vergadering kan bywoon om te stem. Dit is egter op die oomblik onrealisties om te dink dat lede wat baie honderde kilometers van mekaar af woon, ooit weer in sulke getalle sal opruk. Die Bestuur sal daarom ‘n besluit moet neem dat artikel 11 voortaan so uitgelê word dat ‘n skriftelike stemming deur sy lede as wettig aanvaar word en die lede daarvan verwittig. In die geval van lede wat nie betyds hul stembriewe instuur nie, sal aanvaar word dat hulle met die betrokke saak saamstem en positief stem. Die besluit sal meebring dat die skriftelike kommunikasie met die lede skerp sal moet wees om almal op hoogte van sake te hou.

Die saak is miskien die voorteken dat omstandighede sedert die stigting van die TBK so verander dat daar nou kreatief en slim gedink moet om ons saak te bevorder en uit te bou.

6. BRIEWE VAN ONS LEDE :

a. Dries en Adri du Plessis van Fochville : Ja, ek sien die bywoning van ons byeenkomste is maar ‘n probleem. Ons hier in Fochville is tussen drie takke van die TBK. Vir ek en Adri gaat dit oor boeremusiek en dans is ons oefening, so ons probeer soveel moontlik bywoon as wat ons kan. Pretoria is bietjie vêr om nog dieselfde nag terug te ry, anders het julle ons ook gereeld daar gesien. Wesrand en Vaaldriehoek is minder as 70kM en so ‘n half uur se ry. Soms gaan ons Welkom toe, want ek het familie daar. Die probleem is partymaal is die byeenkomste op dieselfde dag en hoe besluit jy nou wie om te ondersteun ? !

Ons gaan ook graag Koppisol toe en die datums bots gewoonlik met die van die TBK byeenkomste. Vir ek en Adri is die byeenkomste te min en te ver uitmekaar, maar ek verstaan dit dat as nie genoegsame bywoning is nie, dit nie moeite werd is om meer byeenkomste te hou nie. Vir ons, en vir boeremusiek, ‘n jammerte. Miskien moet ons van boeremusiek ‘n sport maak, want almal is mal oor hul sport en ondersteun dit ywerig. Miskien moet boeremusiek hom laat geld by die kunstefeeste, ons is ons boeremusiek nie deel van die kunste nie? Ons mense wil wag totdat boeremusiek heeltemal verdwyn hen en dan probeer om dit weer te laat herleef. Dit is makliker om dit aan die gang te hou as om dit alles weer van vooraf te probeer opbou.

Iemand wat vandag baie suksesvol in die sakewêreld is, het eendag my gesê dat die sukses van enige besigheid, operasie of byeenkoms, hang af van jou bemarking. Ek loop nog gereeld mense raak wat mal is oor boeremusiek en glad nie weet van die bestaan van die TBK of ons byeenkomste nie. Miskien is daar iemand wat TV ‘n program oor die TBK en sy byeenkomste kan doen. TV 2 en TV3 het meer kyker getal as Kyk-net en sal meer mense bereik as die betaalkanaal. Wat van ‘n program saam met Niekie op RSG? Ons plaaslike stasies bereik net die mense wat dit kan opvang. Ons in Fochville vang glad nie Radio Pretoria op nie. Hierdie is maar net ‘n idee van my kant af.

Dankie vir Peet en sy baie interessante inligting in sy bydraes, ook op die radio – as ek nie werk nie en daarna kan luister ! Ons bid vir oom Rooies en ook sterkte vir Tannie Chrissie. *(Baie dankie vir jou bydrae, Dries. My persoonlike mening is dat ons maar van TV kan vergeet. Luister maar na RSG tussen 5 en 6vm en na die musieke wat daar gespeel word wat “die mooiste musiek” genoem word ! Die naaste wat daar aan boeremusiek gekom word is die advertensie van Fonnie du Plooy se Saterdag boeremusiek program ! Die plaaslike koerante is ook maar traag om advertensies te plaas. Red.)*

b. Oom Eric en Tannie Ria Pierce van Wierdapark : Met verwysing na die swak byeenkomste moet ek verskoning vra dat ons ook skuldig is, maar as gevolg van swak gesondheid asook veiligheid, vind ons dit nie meer prakties moontlik om die byeenkomste by te woon nie. Ons bly darem op hoogte van sake deur die nuusbriewe! Beste wense aan die TBK en mag die bywoning verbeter – ons het dit altyd baie geniet. *(Lekker om ‘n briefie te ontvang – ons sien mekaar darem so af en toe oor ‘n koppie koffie ! Ons het al daaroor gepraat en gewonder of dit nie beter sal wees as ons die dans om 5nm begin en om 11nm afsluit nie – dan kom ons almal darem vroeër by die huis. Red.)*

c. Dr van den Bergh van Rustenburg : Dankie vir die voorreg om 25 jaar lid van die wonderlike klub te wees! Ek is nou maar een van daardie “stil” lede wat tuisbly en nêrens gaan nie ! *(Baie dankie dr – as ek reg kan onthou, is dit die eerste keer dat ek ‘n paar lyne van u ontvang ! Red.)*

d. Mev M. Stoudart van Caledon : Ek het so pas aansoek gedoen om lidmaatskap by die TBK en wil deur hierdie weg baie dankie sê vir die voorreg om as lid aanvaar te word. Baie dankie vir al die nuusbriewe wat ek so lekker aan gelees het. Eintlik korrespondeer ek al ‘n hele paar met die TBK – voorheen met Gerda du Plessis en nou Sias Erasmus deur die bestel van kassette en CD’s.

TBM is my musiek en is mooi musiek en nooit sal ek moeg word vir TBM nie. Ek speel maklik vir ure aanmekaar my boeremusiek en ek sal altyd agterkom dit maak my heel rustig. Is baie lief vir die boere konsertina musiek. Ek self speel ook kitaar en mondfluitjie. My Pa het die boerekonsertina gespeel en my broer die trekklavier. Hulle is al albei oorlede en is ek, wat musiek aan betref, alleen speel nou maar min. Ons het baie by huis partytjies gespeel. Ek het van ons musiek op kasset opgeneem en in 1965 het ek ‘n advertensie in ‘n tydskrif gekry van ‘n plek in Kaapstad. Die advertensie het gelees “Ons maak langspeel plate van u musiek” Ek skryf toe vir hulle ‘n briefie en vra as ek vir hulle ‘n kasset sou stuur of hulle vir my ‘n plaat sal kan maak. Die antwoord was ja en die plaat is toe gemaak – dit het ook ‘n agtergrond geruis. Dit is daardie jare opgevang met ‘n battery bandopnemer – dit was nog die ronde spoele. Dit is nou al 41 jaar gelede en nou is dit die tyd van die CD’s, dus het ek die musiek laat oorsit op ‘n CD. Dit sal miskien nie vir iemand anders so wonderlik wees nie, maar vir myself is dit goed genoeg en ‘n wonderlike aandenking.

Baie dankie vir al die werk wat daar gedoen word en ook vir almal wat daarmee help. Ek waardeer dit en hoop ek sal nog lank na TBM kan luister ! (*Baie dankie vir u bydrae. Dit wys nou maar net as jy wi,l kan jy musiek waarvan jy hou en waardeer, vir ‘n baie lang tyd oppas en bewaar. Red.)*

e. Goedbedoelde wenke : Die volgende wenke is van Pieter ontvang ten opsigte van die bywonings:

i. Plaas in elke nuusbrief besonderhede van byeenkomste wat nog voorlê. Almal hou nie die gegewens nie – her-publikasie deur om te herinner
ii. Gee wyer publisiteit van byeenkomste – bv. beriggies in “Rekord” of besonderhede oor “Brekfis met Becker”
iii. “Raas” sal nie help nie. Entoesiasme soos die van manne soos prof Langpiet de Villiers, jyself, Danie Labuschagne, Stephaan van Zyl ..... ons kan wel die ding doen !
iv. Aanvaar dat sommige lede nie so aktief kan of wil wees soos u en ander wat die kern vorm nie. Entoesiasme kan egter aansteeklik werk !

Baie dankie vir al die onbaatsugtige werk – die nuusbriewe alleen is ‘n reuse taak. Ons sê dit te min, maar het groot waardering hiervoor.

(*Baie dankie vir die wenke, Pieter. Ons probeer gereeld om iets in die Rekord te plaas, maar elke keer het daar iets gebeur en die berig verskyn nie, of dit verskyn nie in al die publikasies nie – oom Cas Bodenstein kan dit bevestig. Ons sal maar aanhou en hoop daar sal ‘n verbetering kom. Red.)*

f. Mnr Z.C. Prinsloo van Fichardtpark, Bloemfontein : Hiermee wil ek net dankie sê vir die verjaarsdagkaartjie wat ek ontvang het. Ek kom agter dat daar nie meer jong mense by die klub aansluit nie. By die byeenkomste is dit ook net ou mense wat die bywoon. Ek vermoed dat dit dalk die misdaad probleem in die land is. (*Baie dankie ook vir u inset. Ja, daar is seker nog baie ander redes wat ook bydra tot die swak bywoning van byeenkomste. Ons sal maar duim vashou en hoop dat dit gou sommer baie beter gaan. Red)*

g. Oom Gustav Symington van Pierre van Ryneveld : Dankie dat jy my advertensie geplaas het. Die getal wat my geskakel het was verbasend goed. Ek is jammer om te lees dat lede baie bekommerd is oor die TBK en om van die swak opkomste by byeenkomste te lees. Miskien moet die TBK maar minder streng wees aangaande die gebruik van elektriese en ander moderne instrumente. Die orkeslede en gewone lede stem met hulle voete by byeenkomste. Ek kan julle nie verkwalik as julle min(der) byeenkomste reël nie as die netto wins nie al die moeite regverdig nie en musikante nie beter vergoed kan word nie. Groete en sterkte met jul groot taak. *(Baie dankie vir die bydrae oom GUSTAV ! Jammer vir daai glips ! Ek dink nie die elektriese goete is die antwoord nie, want die Doelstellings van die TBK is tog "Die versameling en uitbou van tradisionele boeremusiek" en "Om die onvervreembare en unieke karakter van tradisionele boeremusiek ongeskonde te bewaar". En met betrekking tot die samewerking en affiliasie met ander organisasies bepaal die Grondwet dat " Enige vorm van samewerking en/of affiliasie kan slegs oorweeg word indien die naam en beginsels van die klub, soos vervat in artikel 1 en 2 van hierdie grondwet, sowel as sy apolitiese karakter, nie gekompromitteer word nie". My persoonlike siening is dat as iemand nie van die reëls en regulasies van die TBK hou nie, of wil nakom en respekteer nie, dan moet hy/sy liewer nie aan die TBK behoort nie. Met ander woorde los die TBK uit en moenie alewig iets verkeerd vind nie – dit sal help om die frustrasies aan beide kante van die doringdraad te laat bedaar. Laat ons liewer minder lede hê, maar dat daardie "minder" lede liewer saamwerk/saamstaan om ons kultuur (tradisionele boere-musiek) te help bewaar en uit te brei vir die nageslag wat eendag (miskien nog lank na onse tyd) nog na tradisionele boeremusiek sal luister en dit waardeer. Jammer om te hoor dat oom Gustav ook 'n bydrae aan die RDP moes maak! Red.)*

h. Carel en Ina Muller van Doornpoort :

Dagsê alle TBK vriende en vriendinne. Kan julle glo, die jaar lê al in sy helfte, en ons wonder hoe het dit met nuwejaarsvoornemens gevorder? Miskien slaag party in hulle voornemens, maar ander s'n is vergete. Hoe dit ookal sy, dit gaan darem nie te sleg met ons dierbare TBK nie, of so lyk dit op die oog af.

Heerlik was dit om saam te kuier by die byeenkoms in Pretoria. Dis tog so vreeslik jammer dat ons nie elke byeenkoms regoor SA kan bywoon wanneer die takke hulle byeenkomste hou nie. Ons is so 'n hegte "familie" dis jammer dat ons mekaar nie so gereeld sien nie.

Baie dankie aan Danie Grey, dit was so wonderlik om julle weer vir 'n slag te sien en te hoor speel. Ai Danie, as jy en Stephaan daardie konsertinas so vat en so saam speel, kan hoor en sien vergaan, dit bly net lekkerrrrrr! Kom kuier tog gereeld, ons wil graag na julle luister. Celest, dit was goed dat jy ook daar was. Ons mis julle man, julle moet nie so lank wegbly nie. Ons hoop dat jy nou heeltemal herstel het en ons wens jou alles van die beste toe.

Baie dankie aan Ernst vir die geskenkies. Ernst ons is baie lief vir jou en dit is geen opoffering om jou te ondersteun nie. Ons merk op dat jy orals mense gelukkig maak met jou musiek. Mag jy ook baie suksesvol wees, maar onthou, jy is 'n TBK lid hoor!!

Dit was net so lekker om al ons ander staatmakers te hoor speel. Mag julle nog lank so aanhou, julle bring opregte vreugde. Ons is so dankbaar dat ons ore het om te mag hoor en deel in julle talent. Gert, waar is jy en jou manne, ons mis julle! Hugo, kan julle nie maar weer probeer om by ons te kom speel nie. Ons wil so graag weer na julle luister? Lourens, julle kan mos maar weer kom kuier of hoe?

Vaaldriehoek se manne, julle is tops, hou net aan hoor, daar is geen manier dat ons nie van julle kan hoor nie. Julle vrouens moet ook gelukgewens word, hulle is steeds aan julle sy, ondersteun en onderskraag julle, hou almal aan die lag en glimlag, en mens sien gedurig uit om saam met julle te kuier.

Groot dankie aan een en almal van julle wat op een of ander manier vir veral Fred en ook vir Chrissie kom ondersteun het. Dit was hartverskeurend om te sien hoe die voordanser in sy rolstoel dit geniet het as een van julle hom so oor die vloer gestoot het. Dankie dat julle kom gesels het, dankie vir aandag en liefde, dankie vir bydraes, dankie, dankie, dankie. Julle sal nooit weet wat dit vir hulle beteken het nie. Vir ons ander het dit ook net weer gewys hoeveel liefde en deernis daar by ons mense vir mekaar is. Veral baie dankie aan die liefdevolle mense wat hul huis vir hulle oopgemaak het en wat hulle elke dag ondersteun. Mag die Heer julle opreg baie seën.

Fred maak nog nie veel vordering nie. Hy kry fisioterapie vir sy arm en been, maar so ver is daar nog nie veel vordering nie. Partykeer kom daar darem woorde uit wat mens verstaan. Spesiaal baie dankie aan Chrissie wat hom so getrou versorg en ondersteun, ons dink sy is 'n ster en verdien 'n yslike medalje. Ons glo egter dat daar niks onmoontlik is by die Heer, en ons vertrou dat dit een van die dae sommer baie beter sal gaan.

Mooi bly julle almal. Dankie aan die redaksie en al die ander vir die harde werk, dit gaan nie ongesien verby nie. Liefde.

i. Peet van Staden, Voorsitter Vaaldriehoek-tak :

Baie dankie, ek erken ontvangs van jou skrywe m.b.t. die spesiale vergadering van 12 Augustus 2006 … Dit is goed as artikel 10.2.2 van die Grondwet gewysig word om die: "tien persent (10%) van alle ingeskrewe, gewone lede sal 'n kworum vorm" te verander om soos volg te werk: "Die teenwoordige ingeskrewe lede sal 'n kworum vorm".

Verblydend is die beleidsverklaring wat deur Stephaan aangeroer word, dit is jammer, die verklaring moes al 'n paar jaar terug gemaak gewees het … ek dink dit is nodig dat so-iets gereeld gedoen moet word – dan kan dit verhoed dat oningeligtes, deur hulle skrywes, kon staan en ruk en pluk aan die fondamente van die TBK. Ek stem saam met Stephaan se siening oor vergoeding. Dalende ledetalle – dit is inderdaad so … ek wil graag voorstel dat die besture van die TBK bymekaarkom vir iets soos 'n "dagberaad", waar ons aktiwiteite kan aanpas en begin kyk na ander moontlikhede.

Na aanleiding van jou skrywe en die aangehegde afskrifte van die “inniesoloppiboskoffiekoppie” –verduideliking, het ek dit goedgedink om die gedagtes soos volg te bedink:-

Meneer die agbare Nuusbrief,
Kan ek ook asb vir jou skryf …?
Nie in die eerste of tweede
Maar wel in die derde bedryf!
Andere het hulle sê gesê,
En ek wil ook graag ‘n eiertjie lê …
Geduldige papier kan jy oralste kry
Wat stilbly as die skrywe daaroor gly.
Voordat ons persoonlik en te opgewonde raak
Gaan navors, befeit en beding eers die saak.
Om te reguit op ‘n man af te dink …
kan respekte heel verkeerdom laat krink.
Tradisioneel, styl, manier of drom,
Maak ons almal se dink lelik dom.
Die skrywes van die eerste en tweede bedrywe
Stem my dinkmasjien kitaarsnaar stywe.
Ons dink so half diesêlle-in.
Die ander helfte bring die kwel-le-ing
Ek gryp die Afr/Eng boek van woorde,
Sit oë neer in die verklarende soorde
My handbriek word opgetrek, want o jene! …
Al die woorde het soort van diesêlle gene …
‘n Styl is ‘n manier, ‘n drom word ‘n trom.
Tradisioneel is as ‘n styl of ‘n manier opgesom …
En moet (met sy gereedskap) uit die vêr verlede kom.
Tradisionele Boeremusiek word gemaak, opgeneem en bewaar …
Die karakter, die styl, die manier … onvervreembaar.
Een verkeerde dink, instrument of anderste manier,
Kan die onvervreembare karakter sleg ontsier…
Doen die oogmerke/doelstellings soos die grondwet verwag ,,,
Tradisionele boeremusiek is uniek, eiesoortig en vol van prag.

Iemand het eendag gesê: “Dit is die hoë bome wat die sterkste winde kry,” of so iets … ek wil half dink dit was Dok Craven … dan is daar nog die honde wat gedurig teen die stam “zips” en andere wat die agterkant van die boom opsoek … so moet hierdie boom besluit waar is die grootste gevaar! … bo of onder … en as ‘n ou kritiek kry moet jy maar self besluit waar sorteer jy die kritiek … bo of onder … as ‘n nagedagtenis moet ek meld dat ek drie van my hekke die ander dag moes hernuwe, want die honde het die hekke se onderkante in “hulle sinnetwilightingepie” … skoon weggeroes …. ‘n groot boom in my erf wat rondom 1945 geplant was … “weg!” van die onderkant af die lewe afgevreet … termiete … ek verwonder my ... So is daar ook die gesegde: “Dit is die klein jakkalsies wat die wingerd verniel!”. Winde, honde, en/of jakkalsies … pasop vir onderstebo!

Groete uit die Vaaldriehoek. Peet van Staden. (*Ook dankie vir hierdie bydrae. Met betrekking tot die verandering van die grondwet, net ‘n klein gedagte om ook in gedagte te hou : as die wel aanvaar en goedgekeur word dat “Die teenwoordige ingeskrewe lede sal ‘n kworum vorm”, sal dit regverdig wees as daar slegs 20 uit 600+ lede teenwoordig is. Ek het die punt met Stephaan opgeneem en dieselfde vraag gevra .... ek het voorgestel dat* ***5%*** *van ingeskrewe lede teenwoordig ‘n kworum sal vorm, dws uit 620 lede sal net 31 benodig word vir ‘n kworum. Hoop my “probeer verduideliking” maak sin ! En nogmaals baie dankie vir al jou bydraes gedurende my “redakteur-skap (of is dit- skaap?) Red.)*

7. SPESIALE VERSOEK : Ek het die volgende van Sias Erasmus ontvang wat hy spesiaal gestuur het net om te wys hy is besig om die blikbrein onder die knie te kry !

“Dagsê alle TBK lede en vriende..... Dit is vandag, 17 April 2006, dat ek die rekenaar baasgeraak het en ek ook nou ‘n leesbare brief kan skryf. Weereens wil ek ‘n beroep doen op alle TBK lede wat in en om Pretoria bly, om asb die 8ste Augustus ons byeenkoms in die FH Odendaal Hoërskool se saal by te woon. Ons as komiteelede van die Pretoria-tak sal dit regtig waardeer as ons meer lede by ons funksies kan sien. Indien daar enige rede is waarom u dit nie wil bywoon nie, sal ons dit waardeer as u ons vertel wat u pla en voorstelle waarna ons kan kyk is welkom. Dit is die Pretoria-tak se Algemene Jaarvergadering en u kan dan u griewe ook kom lig. Baie dankie aan almal wat ons so getrou ondersteun en altyd bietjie met my kom gesels daar agter in die hoekie ! Aan diegene wat altyd kritiseer ..... u moet asb die volgende onthou : As u in ag neem dat van die lede op die Pretoria komitee ver oor sestig en sewentig jaar oud is en nog steeds getrou elke keer die saal en klanktoerusting regkry vir ‘n funksie en ons nooit hulp kry nie, dan daar mos nie regtig gekla word nie !

Enige hulp is welkom, of dit nou tafels regskuif of die sleep-waentjie help uitpak, of inpak, maak nie saak nie. As iemand wil help, kan maar net vir oom Tom skakel om die tyd bevestig hoe laat ons gewoonlik begin. Byvoorbaat baie dankie.

Wat my egter pla is dat ek in Desember 2005 eenhonderd-en-veertig (140) briewe uitgestuur het na al die debiet-order lede en tot vandag (17e April) het ek slegs vier-en-veertig (44) antwoorde terug ontvang, waarvoor ek baie dankie sê, want ek kon 28 lede se CD's vir hulle aanstuur.

Die oorblywende 16 lede se CD's sal ek stuur sodra ek die nuwe voorraad ontvang het. Die slegte is dat die ander lede niks gaan ontvang nie, want ek weet nie wat hulle wil hê nie, ten spyte daarvan dat elkeen 'n katalogus van die CD's wat beskikbaar is, saam met sy/haar brief ontvang het. Ek is jammer dat ek so drasties gaan optree, maar as u in ag neem dat baie lede verlede jaar hul CD's teruggestuur het omdat hulle dit reeds het of nie in die spesifieke CD belangstel nie, sal u verstaan. Die posgeld is ook intussen weer verhoog. Indien u nie van die CD's in die katalogus wil hê nie, kan u net u vorm terugstuur met die woorde "NUWE CD's ASB" daarop of u kan my skakel. Ek of Susan sal antwoord en u word versoek in 'n boek geskryf, sodoende kan ek nie vergeet wat u bestel het nie ! Die telefoonnommers is : 012-379-1745 (H) of 083 948 2987, of u kan u versoek faks na 012 379 1745. Baie dankie vir u samewerking. Genoeg gekla !

Sterkte vir Peet en Lettie en hul span met hul beplande byeenkoms vir die 28ste Oktober. ONTHOU die finale reëlings sal in die nuusbrief bekend gemaak word. As dit die Vader se wil is, sal ek daar wees om julle te ondersteun, maar daar mag geen gevaarlike speelgoed, soos bv. Foefie-slides en glybane, wees nie ! Daar mag egter iets wees om aan te proe vir die lastige Oktober hitte en stof! Weereens, as daar iemand is wat 'n voorstel het om die dag 'n sukses te maak, glo ek Peet sal dit verwelkom. Intussen moet die orkeste maar hard oefen, want daar gaan 'n prys wees vir die beste orkes van die dag – Watch my! Ek hoop om gou reaksie van u kant af te kry. Groete vireers.

8. WAT DOEN DIE TBK ?

Die volgende bydrae is van Stephaan van Zyl ontvang : "Dit word van tyd tot tyd nodig om mense herinner wie ons is en wat ons doen. Die TBK hou homself eerstens besig met outydse tradisionele boeremusiek (TBM van 'n spesifieke era wat ge-eindig het met die elektroniese revolusie kort na die 2de wêreldoorlog. Ons versamel en bewaar bestaande opnames, stel dit weer beskikbaar aan die publiek en moedig musikante aan om op dieselfde styl te speel en te komponeer.

Tweedens hou ons byeenkomste om aan die mense, so na as moontlik, die klank en atmosfeer van 'n tradisionele boere-orkes uit 'n vergange era weer te gee. In 'n groot saal moet ons gedwonge van klank versterking gebruik maak. In so 'n geval, waar ons voor mikrofone speel, kry ons probleme wanneer iemand 'n ritme kitaar met 'n plastiek plektrum, of plektron, speel. Die wat woordeboeke het kan dit maar naslaan, hy is daar. Ons weet daar is mense wat 'n ritme kitaar moeilik kaalhand kan bespeel. Philip Raath het by 'n Wesrand geleentheid gebruik gemaak van 'n rubber plektrum met groot welslae. Die TBK is dus nie gekant teen plektrums per se nie, die goed is immers so oud soos die berge, net die soort wat steuring op ons spesifieke klanksisteem veroorsaak.

Ons word daarvan beskuldig dat ons mense wegjaag van die TBK af. Mense wat weg is, is weg omdat hulle nie kans sien, of saamstem met wat die TBK probeer doen nie. Ons verwag nie dat almal met ons <u>moet</u> saamstem nie, ons verwag wel dat mense met ander idees nie gedurig klippe in ons pad rol nie.

Ons word gekritiseer oor ons TBK uniform. Die TBK kleredrag is absoluut opsioneel. Ons verwag nie dat almal die koste moet aangaan om groen baadjies, dasse, hemde ens. te koop nie. Daar moet darem 'n basiese dragkode geld vir musikante wat van ons verhoë wil gebruik maak. Ons kan nie toelaat dat 'n man sy ware in 'n kortbroek voor die mense kom uitstal nie !

Ons weet dat die instrumente van 'n tradisionele boere-orkes moeilik bekombaar is. Ons gaan ons nie daardeur laat onder kry nie. Wat ons nie kan koop nie, maak ons, of dan iets naastenby. Musikante wat nie meer die genoemde instrumente kan bespeel nie, leer ons of teel ons en probeer ten minste.

<u>Vergoeding :</u> Ons kan 'n musikant nie ten volle vergoed vir sy dienste nie. Hy moet besef hy kom maak hier 'n bydrae vir 'n saak, soos die res van ons. Ons probeer om so ver moontlik om kostes, soos petrol, te dek. Die geld gebruik ons om baie duur projekte van stapel te stuur – niemand by die TBK steek dit in hul sakke nie. Hierdie jaar gaan ons bv. die volle versameling van Dawid de Lange vrystel. Dit val nie uit die lug nie ! Hier is baie mense by die TBK wat fenomenale werk verrig op hul eie onkoste en geen vergoeding ontvang nie. Ons gaan nie ons doelstellings, of aan die Grondwet verander nie. Met 'n bietjie begrip vir wat ons probeer doen en 'n paar geringe aanpassings, kan ons die ding doen.

<u>Dalende ledetal</u> : Dit is ongelukkig so dat die TBK besig om te krimp. Ons kern ondersteuners word oud, sterf af, word bang om saans op straat te wees ens. Die jonger geslag ervaar nie dieselfde behoefte om aan 'n klub soos die TBK te behoort nie. Hulle hoor vandag genoeg boeremusiek, daar word oorgenoeg byeenkomste gereël dwarsoor die land en vir hulle is TBM nie die bedreigde spesie wat dit vir ons 25 jaar gelede was nie. Om aan te hou kerm en kla oor dalende bywoningsyfers gaan ons niks help nie. Ons moet ons aktiwiteite aanpas by die heersende tendens en begin kyk na ander bronne om ons taak te kan voortsit.

9. Huldeblyk aan wyle oom Boet Steyn :

Met ons takstigting in 1994 was die orkes van Oom Boet Steyn en sy seuns en die Oudag die eerste musiekmakers by ons. Die afgelope tyd het ek so per geleentheid oom Boet opgelui en gesels.

Voordat ek weer kon skakel, verneem ek die oom is oorlede … gebore as Andries Stephanus Hermanus Steyn op 28 Jan 1918 op die plaas Opraap in die Ventersdorp distrik.

Oom Boet was die jongste van 17 kinders en om by Opraap se skooltjie te kom, moes oom Boet 18 myl met ‘n donkiekar ry … kort daarna moes oom Boet die skool los om vir die familie te help sorg. Oom Boet het ‘n huurmotorsaak bedryf in Potchefstroom en só baie mense leer ken. Ene oom Jaap Grobler het eendag vir oom Boet gesê van sy mooi dogters … oom Boet moet kom oë neersit.

Op 10 Feb 1940 is oom Boet getroud moet Susanna Grobler, dogter van oom Jaap Grobler. Na die “Taxi’s” het oom Boet by die Weermag gewerk en nog later rondom 1949 by ‘n transport besigheid in Johannesburg.
Oom Boet is die pa van die beroemde Steyn bokser broers … en saam het hulle pragtige tradisionele boeremusiek gemaak …

Stoffel – Kitaar en banjo
Jaap – Konsertina/kitaar/banjo/traporrel
Andries – Kitaar
Gert – Kitaar/banjo/traporrel

Oom Boet het nooit self geboks nie – 15 jaar was hy boksafrigter by North Park Amateur Boksklub. Vanaf 1960 het oom Boet hom toegelê as afrigter van beroepsboksers en so word hy Bestuurder/Afrigter van sy seuns… Op ‘n keer het al vier seuns as beroepsboksers aan ‘n toernooi deelgeneem – twee teen oorsese boksers en twee van die broers teen plaaslike teenstanders. Al vier het hulle gevegte gewen … opsigself ‘n wêreldrekord.
In 1956 het oom Boet twee 78-spoed plate gemaak – Onder die wolkombers en W-Tvl Vastrap, en ook Jakaranda Vastrap en die Weglopers Polka. Die orkes was destyds bekend as Boet Steyn en sy Weglopers … Gert Grobler – kitaar, Charlie Harris – banjo.

Oom Boet het ook twee langspelers gemaak. Ook het oom Boet die 5 Takhare van oom Freek Stopforth goed geken … die Subke’s wat per geleentheid saam met oom Faan Harris musiek gemaak het was ook bekend aan oom Boet. Oom Boet se vader het viool/konsertina en kitaar gespeel.

Toe oom Boet agttien jaar oud was, het hy sy eerste konsertina gekry. In 1938 het oom Boet ‘n 3-ry vir dertien pond (£13-0-0) gekoop. In 1940 koop oom Boet ‘n 3¾ ry by oom Koos Barnard vir twaalf pond (R24).
Name soos Faan Harris/Silver de Lange/George Abrahams en Bobby Pennels was bekend aan oom Boet.

Ek is dankbaar dat onse paaie met die van die Steyns gekruis het – altyd netjies en beleefd en hoflik … soos Andries sê: “Pa het altyd gesê, wees reguit en eerlik!”
Voorwaar ‘n “jintelman” en alhoewel nie meer met ons nie, sy voorbeeld en musieke sal ons bybly …
(Baie dankie vir jou bydrae, Peet. Altyd lekker om bydraes te kry sonder dat daar gevra word! Red.)

10. Prof. Langpiet de Villiers deel sy konsertina-lekkerte van 2005 Deel 2 Geskryf deur Ludwig Visser

Op 11 Junie is Langpiet met ‘n verdere toekenning deur die ATKV se tak in Centurion vir die bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur vereer.

Wintertyd is jagtyd in die Oos-Kaap, en die jagseisoen in die omgewing van Jansenville word tradisioneel geopen met ‘n dansparty waar die konsertina bobaas is. Weer was Langpiet daar, saam met Freddie Rheeder en Marius Louw se orkes. Nie lank daarna nie, was dit die beurt van die Allendale-aftreeoord in Port Elizabeth waar Rudie en Langpiet gaan optree het. Ná die program het ‘n lid van die gehoor teenoor die lang konsertinaspeler opgemerk: *“I now have much more respect for your little instrument.”*

Op 13 Julie was dit weer die afgetredenes van die Association for Retired Persons, dié keer saam met Tekkie de Ridder op kitaar. Dit was weer ‘n oorwegend Engelse groep, maar hulle het die musiek baie geniet.

Op 16 Julie 2005 begelei Langpiet saam met Hennah van der Westhuizen (klavier) die volkspelers op Hoopstad tydens ‘n volkspele-saamtrek. Die konsertinaklanke is met geesdriftige applous begroet.
Augustus moes daar bietjie uitgespan word, en Langpiet en Valda, sy vrou, het die Rheeders, Freddie en Hessie, saamgeneem Mykonos toe aan die Weskus. En daar is ook elke aand lekker musiek gemaak – konsertina, kitaar, trekklavier en banjo.

Namakwaland was volgende op die reisprogram, en by die Vissers van Vanrhynsdorp is daar gekuier en tydig en ontydig, en vir almal wat wou hoor, musiek gemaak. Toe Joost Kirstein en André Engelbrecht later bykom, het die manne programme van musiek, sang en stories saamgeflans wat hulle by verskeie ouetehuise in die omgewing gaan aanbied het.

Huis Somerkoelte op Lambertsbaai het op 9 Augustus ‘n beurt gekry – hier het selfs die inwoners op rolstoele die voetjies getik. Dieselfde middag nog het die musiek by Huis Cederhof op Clanwilliam opgeklink. Hier het selfs ‘n negentigjarige meegedoen deur die Kalfiewals op die klavier te speel. Vir die musikante was dit by dié geleentheid nogal snaaks toe die organiseerder van die geleentheid amper nie wou glo dat die groep – een uit Port Elizabeth, een uit Mosselbaai, een van Klawer en een van Vredendal – die program heeltemal gratis aanbied nie. Dit was asof die man oortuig was daarvan dat daar iewers ‘n verskuilde agenda is!

Huis Matzikama op Vanrhynsdorp het op 10 Augustus aan die beurt gekom. Toe Freddie ná die tyd aan een van die inwoners sê dit was vir die groep so lekker om daar op te tree, was die kommentaar: “Meneer, jy weet net nie hóé lekker dit was nie!” Die manne het later lekker gelag oor ‘n voorvalletjie by Huis Matzikama waarvan hulle gehoor het. Een tannie het in ‘n groep gesê hulle behoort darem vir die musiekmakers op een of ander manier dankie te gesê het. Hulle kon mos maar vir hulle ietsie gekollekteer het.

"Nee, wat," was 'n ander tannie se kommentaar dadelik, "dis nie nodig om vir húlle geld te kollekteer nie. Hulle is almal miljoenêrs." Het hulle maar gewéét, was die afgetrede lang professor se kommentaar hierop.

Die volgende dag het Vredendal se aftree-oord 'n besoek van die musikante gekry, en ná die tyd het een van die inwoners gesê daar is nou niemand meer in die oord wat aan bloeddrukprobleme ly nie!

Op 12 Augustus is daar sommer by die Vissers se huis op Vanrhynsdorp vir al wat 'n vriend en kennis is musiek gemaak en is daar baie lekker gekuier.

Op 18 Augustus is 'n aftreeoord op Stilbaai besoek. Hier het Freddie, Allen Green en Johan Alberts almal kom hélp musiek maak.

Terug by die huis was daar nie veel ruskans nie, want op 3 September wou 'n groep onderwysers van Potchefstroom wat 'n byeenkoms van die SAOU in Port Elizabeth kom bywoon het, laat blyk het dat hulle baie graag bietjie boeremusiek wou hoor. Freddie het al die pad uit Mosselbaai gekom, en saam met Rudie is daar dié aand lekker gekuier rondom die konsertina, trekklavier, banjo en kitaar.

Op 8 September sou Langpiet en Reon by die ATKV se woonwapark in Port Elizabeth optree, maar die weer het nie saamgespeel nie en die program moes ongelukkig gekanselleer word – maar die musikante was daar!
Daar was weer uitspankans, en van 23 tot 29 September kuier die De Villiers's met hul seun Wilhelm en sy gesin by Champaigne Sports in die Drakensberg. Ook hier het die konsertina en die kitaar baie aandag getrek

Op 19 Oktober kon Langpiet die Dameskring van Somerstrand in Port Elizabeth gaan vertel van die geskiedenis van die konsertina en die beginsel waarop die instrument werk. Verskeie van hulle het agterna gesê dit was vir hulle 'n openbaring.

Teen die einde van Oktober is Langpiet en Freddie na Koppisol, Vereeniging, waar hulle 'n boeremusiek-saamtrek bygewoon het. Hier het verskeie bekende konsertinaspelers opgetree, manne soos Manie Bodenstein, Marius Louw, Hannes Schoeman en Danie Grey, maar Freddie, met sy banjo en trekklavier, het eweneens groot aftrek gekry. Langpiet het twee sessies van ongeveer 'n halfuur elk met die konsertina gekry. Die applous (en die braaivleis en die kuier) het vergoed vir die lang rit van meer as 2 200 km en die brandstofkoste.

Op 17 November was dit weer sulke tyd by die huis toe Langpiet en Tekkie de Ridder 'n groep vroue van Vistarus gaan vermaak het. Dit was opvallend hoe die groep, baie van hulle bra gehawende en vernielde vroue, danksy die musiek ontspan het en later selfs gelag en begin dans het. Die universele taal van die musiek het hul hartseer verdryf.

Die jaar is met uitspantyd afgesluit toe die De Villiers's en hul ander seun, Nico, en sy gesin by Kwelerarivier aan die Wildekus gaan uitspan het. Saans, om die kampvuur, het Nico sy pa op die kitaar begelei, en nie te lank nie, of daar was 'n heerlike gees van samehorigheid onder die kampeerders. Die Engelse onder hulle het die "boere" se musiek ook baie geniet. Nico het later net gekla dat sy vingertoppe die ene blase is, maar die seer was lekker – bitter lekker!

Dís wat 2005 aan die musiekfront vir Langpiet en sy musiekmakkers opgelewer het – en die een oomblik was vir hulle net nog lekkerder as die vorige een. (*Baie dankie vir die bydrae, prof. dit word baie waardeer en het gehelp my laaste nuusbrief 'n hele 8 bladsy te maak! Beste wense en nog baie sukses vorentoe. Red.)*

11. AAN DIE EINDE GEKOM:

Na net meer as 12 jaar het my paadjie as on-offisiële redakteur van die TBK se nuusbrief by 'n doodloopstraat gekom. Na al die jare het ek baie vriende en "vyande" leer ken en wil ek langs hierdie weg baie dankie sê aan almal wat bydraes gelewer het, hetsy positief of negatief, waarsonder die nuusbrief nie gedoen kon word nie. Die nuwe redakteur sal met die volgende nuusbrief aan u voorgestel word. Ek het reeds kennis gegee dat ek nie weer as voorsitter van die Pretoria-tak beskikbaar sal wees nie. Ek het net besluit om ook 'n breek te vat, want met alles wat aanstap, soos die ouderdom ook maar doen, het ek miskien te veel hooi op my vurk gehad wat daartoe gelei het dat die nuusbriewe té negatief geword het en ek nie meer kans sien vir die negatiewe en persoonlike aanvalle nie. Daar is wel iemand daar buite wat 'n baie beter kwaliteit nuusbrief te voorskyn sal bring. Ek sal graag wil sien dat u dieselfde ondersteuning aan die volgende redakteur sal gee om sodoende voort te gaan met die nuusbriewe. Baie dankie aan almal, ons sal mekaar nog op byeenkomste te siene kry !

Let wel dat die briewe / antwoorde daarop / op- of aanmerkings daarop nie noodwendig die TBK se siening is nie en die bestuur en / of skrywer van die nuusbrief kan nie daarvoor verantwoordelik gehou word nie.

Beste wense, groetnis en totsiens.

T.E. Adams
(Voorsitter : Pretoria-tak van die TBK van SA)

NS Sonder hierdie lyn bevat hierdie nuusbrief 494 lyne, 7277 woorde, 35266 karakters, ek het 498 minute (8+ uur) daaraan gewerk en het die nuusbrief 33 keer oopgemaak om veranderings en korreksies te doen ens..... !)